

Project name: AL3283

Date of interview: 9 February 2009

Location of interview: Garsfontein, Pretoria

Language/s of interview: Afrikaans

Length of interview: 18 minutes 46 seconds

Name of Interviewer: Colonel Vic McPherson

Name of interviewee/s: De Wet Potgieter

Name of translator (if any):

Name of transcriber: De Wet Potgieter

Notes on access and use (if any):

Audio file name/s of interview: AL3283_PTA_MCPHERSONVIC_20090209_1

Interviewer	Ek gesels met Vic McPherson oor die beplande opblaas van die hele ANC hoofraad tydens die Arusha-beraad in Tanzanië. Watter jaar was dit? 1985?
Vic	Nee, ek dink dit was so '85, daar rond. Dis lank na die Londen-bom en die Lusaka-bom. Toe't hulle nou hul annual. Dit het so gebeur dat hulle daardie tydstip het militêre intelligensie, spesmagte, die verkenningseenhede, die Suid-Afrikaanse polisie baie nou saam met mekaar gewerk Toe die generaal, ek sal gaan kyk wie was in beheer.
Interviewer	Joep Joubert?
Vic	Nee, ek praat nou van polisiegeneraal , veiligheidstak. My generaal, die hoof by die veiligheidstak, het my net ingeroep en gesê ek moet asseblief na militêre intelligensie toe gaan. Ek dink generaal Witkop Badenhorst, en o ja, eintlik generaal Joep Joubert, eintlik meer generaal Joep Joubert. Hulle het 'n taak gekry wat hulle opgelê is met die jaarlikse ANC-beraad wat in Arusha by die Solomon Mahlangu Freedom College sou plaasvind en hulle het al die vermoëns, al die geld is al goedgekeur. Hulle het nou net 'n probleem wanneer dit kom by, hulle het nie die infrastruktuur om tot by Arusha te kom nie. Hule weet ek het binne in Malawi het ek 'n infrastruktuur en ek het mense

	<p>wat kan deurgaan tot in Dar es Salaam, wat die tale ken, wat die aksente van daardie Tanzaniese taal ken en hulle het 'n ou met 'n kar wat saam met hom gaan ry met 'n ander paspoort. Ek moet die detail by hulle gaan uitvind.</p> <p>Hulle het toe twee Nissan 4X4's gaan koop in Centurion. Toe het hulle in hierdie vragmotors wat met die containers werk klomp goeters vervoer.</p> <p>Toe het hulle die twee voertuie van hier vervoer vanaf Centurion gelaai en twee rubberduckies en ek weet nie hoe het hulle die bom deurgekry nie. Iewers versteek dalk in die voertuie, ek sal nie weet nie.</p>
Interviewer	<p>Hoekom sal jy dit nie weet nie. Omdat dit 'n weermag-operasie was en hulle dit hanteer?</p>
Vic	<p>Ja, daar was 'n kolonel, bevelvoerder van die hele operasie. My rol was slegs om die infrastruktuur te skep, mense wat die taal daar kan praat, en mense want hulle het twee mense van die recces wat valskermsoldate was en ook plofstofdeskundiges en wat weet om die bom aanmekaar te sit, en weet om die plek in die nag te bekruip uit 'n berg, onder die verhoog in te gaan, die ding te stel en te sit met 'n knoppie wat hulle net druk.</p> <p>Ek bedoel hulle sal net daar in die omgewing sit en die knoppie druk dan gaan daardie hele verhoog opgaan in die lug, en dan baie mense dood.</p> <p>Ek het 'n veilige huis by Mantlibaai op die Malawi-meer reg teen die baai wat die span kon akkomodeer en dan kan ons behoorlike beplanning daar doen . Toe is die voertuie ingevoer na Malawi. Die probleem daartoe was vir hulle om te kan deurry of rond te beweeg in Malawi moes hulle Malawiese nommerplate en lisensies kry, invoerbelasting betaal, voertuie weer daar in Malawi registreer.</p> <p>Ek was toe teenwoordig toe die voertuie daar aangekom het waar ek moes gaan teken het. Toe was die twee recce-manne, verkenningsouens met Ierse paspoorte, onder hul regte name, daar om die voertuie weg te bestuur.</p> <p>Die eerste taak wasom die voertuie met Malawi nommerplate uit te reik en in Malawi geregistreer word en dan moet hulle invoerbelasting betaal vir die twee voertuie, 100 000 Kwacha. Nou dit is altyd 'n probleem, maar toe sê ek, nee, dit is nie 'n probleem nie.</p> <p>Ek ken 'n vrou, ook 'n mede-offisier, is getroud met 'n Portugees en bly naby die Malawi-meer en ek weet hy sit in sy dak met meer as 250 000 Kwacha. Hy kan niks met die geld doen nie. Daar is niks om met die geld in Malawi te koop nie. So hy steek dit daar bo in sy dak weg.</p> <p>Julle moet net die ekwivalent van 100 000 Kwacha moet julle in die ander sussie se rekening hier in Suid-Afrika betaal en dan kan julle gaan vakansie hou en julle kan gaan klere koop in Suid-Afrika.</p>

Hulle doen dit toe en hoofkantoor plaas so 100 000 Kwacha se ekwivalent oor. Sê dit was so R80 000. Daar is hy klaar ontslae van hierdie valuta, hierdie note waarmee hy niks kan doen nie. Toe sê ek vir die kolonel ek ken die hoof van die lisensiemense wat nou die karre baie vinnig in Malawi kan registreer. Ek sê vir hom nou OK ons sal vir die ou van die lisensies 'n bedraggie gee, so R1 000. Hy sê toe dit is reg. Binne vier ure is die karre geregistreer.

Toe sê hy daar moet raamwerk agter op gebou word waarop die rubberduckies kan kom . Die rubberduckies sou die bom oorgevat het oor die rivier tussen Malawi en Zambië. Die kolonel, hy was van die paddamane , Langebaan se mense. Hy sal dan die bom daar kry tot op 'n punt en dan sal my mense presies weet waar want hulle ry dan moet hulle gate grou diep genoeg vir twee valskerms om dit weg te steek.

Dan sou daai twee recce-manne met 'n King Air vliegtuig sou hulle oor, hulle het 'n groot wildduin daarso, daar is grondpad wat op plekke groot genoeg is vir die vliegtuig om te land. En hy vlieg onder die radar en sou hy dan land.

Wat hy sou gedoen het om hulle op duisend meter in die nag af te gooi. My persoon, Malawiër, het hulle so 'n torchie gegee met 'n rooi lig wat so skyn. Hy moes 'n plek kie waar nie boomstompe of beboste gebied is nie, 'n mielieland was oraait. 'n Regte plekkie kies en dan sou hy as hy die vliegtuig hoor dan sou hy, as dit veilig was, was hy nie gevang of iets nie, sou hy met die rooi liggie 'n figuur agt vir die vliegtuig aangedui het en dan as hy gevang is sou hy 'n D merk vir die vlieënier in rooi gewys het dan weet hy gaan terug. Die man is gevang en hulle man is ook dan gevang.

Die rubberduckies met die bom alles is klaar deur, hulle is by die rivier. Alles was in plek. My man en hule man het die grate gegrou , alles is reg.

Toe, maar toe moes die kolonel finale goedkeuring kry. Want wie sou op daardie verhoog gesit het was Thabo Mbeki, Aziz Pahad, Essop, Vali Moosa, Ronnie Kasrils en Solly Smith, Dulcie September. Die hele ANC topbestuur sou op die verhoog gesit het.

As hulle die knoppie gedruk het, hulle sou dan in die berge gewees het. Daar is 'n berg so buite Solomon Mahlangu sou hulle daar weggekruip het en net die knoppie gedruk het. Dan sou hy gehardloop het en al daai mense dood.

Toe sit ek en die kolonel by die Capital Hotel langs die swembad en nou moet hy kommunikeer oor die foon. Daar was nie selfone of sulke goeters nie, die radios sulke goed nie.

Hy bel toe. Hulle het kodewoorde gehad. Bel hy vir Magnus Malan. Sê Magnus vir hom, nee, nee, hy het nou met Pik Botha weer gepraat en toe kom dit uit dat topbestuur van ons land is al klaar besig met onderhandelinge om 'n ooreenkoms met die

ANC te kry en die NIA het klaar samesprekings met die mense gehad en dat hulle gesê het van die mense met wie hulle nou kommunikeer oor die toekoms van Suid-Afrika sit op die verhoog . Ons kan nie bekostig om hulle te verloor nie- die kontakpersone.

Die kolonel was kwaad. Ongelooflik, hy het gesê nou moet ons alles weer terugkry.

Ons het daardie voertuie verkoop in Malawi en hulle het die een voertuig vir my gegee vir my adjudant-offisier wat daar ondergronds geplaas was in Malawi.

Ons het teruggekom en ons het honderde duisende rande gespend.

Ons het dit gedoen omdat die minister dit wou gehad het. Op die nippertjie. Jy sien wat daai tyd gebeur het, ongelukkig, die polisie en die weermag het saam met mekaar gepraat, ons het met mekaar gepraat en daar was nie geheime tussen ons nie, maar nou die politici en dan ook nasionale intelligensie het hul eie agenda gehad, maar nooit vir hul eie ministers ingelig wat aangaan.